**"Universiteit Stellenbosch: Vorentoe!"**
**Mededelings aan die Konvokasie deur die Rektor en Visekanselier, Prof Wim de Villiers**
**Coetzenburg, 26 Januarie 2016**

(Afrikaanse vertaling van 'n toespraak wat in Afrikaans en Engels gelewer is
VIDEO: https://www.youtube.com/watch?v=DfoPWT2pHZs
Transkripsie: http://bit.ly/1SYPUv5
English translation: http://bit.ly/WdVspeeches)

Dankie, prof [Christo] Viljoen, en goeienaand aan almal. Dit is vir my aangenaam om hier te wees. My medesprekers, Lovelyn [Nwadeyi] en Breyten [Breytenbach], het wesenlike kwessies geopper en ek sal ook sommige daarvan aanroer. In my mededelings aan die Konvokasie wil ek graag drie dinge doen, naamlik ons vernaamste suksesse uitlig, ons grootste uitdagings uitwys, en die belangrikste van alles, die pad vorentoe uitstippel. Hoewel nie noodwendig in hierdie volgorde nie, is dít in die breë die areas wat ek wil dek.

Ja, daar is weliswaar belangrike kwessies wat by ons instelling hanteer moet word, maar ek is vol vertroue dat ons oor die nodige stewige grondslag beskik: (1) Ons vaar goed in die strewe na uitnemendheid, (2) ons maak goeie vordering om meer inklusief te word, en (3) ons bied samelewingsuitdagings die hoof. Kom ek wei kortliks uit hieroor:

(1) Wat uitnemendheid betref, is daar in Desember 2015 bekend gemaak dat Stellenbosch weer opgeskuif het op die Times Higher Education-ranglys van universiteite in die BRICS-lande en ander ontluikende ekonomieë.[1] Ons beklee nou die 11de plek uit 200 universiteite in 48 lande. Ek gee toe, ranglyste is nie die alfa en omega nie, maar dit is bemoedigend om gesaghebbende internasionale erkenning te ontvang.

U het dalk ook laat in 2015 die opname[2] gesien wat toon dat gegradueerdes van die Universiteit Stellenbosch die hoogste gemiddelde aanvangsalarisse van afgestudeerdes van alle Suid-Afrikaanse universiteite verdien. Dit bevestig dat werkgewers ons kwalifikasies hoog aanslaan.

Steeds op die gebied van kwalifikasies het ons in Desember 2015 meer as 5 000 grade en diplomas toegeken. Hiervan was 128 doktorsgrade, en saam met die getal wat in Maart 2016 toegeken word, sal ons na verwagting byna 250 doktorsgrade vir die jaar 2015 bereik, wat 'n nuwe rekord sal wees. Hierop kan alumni trots wees.

(2) Die tweede voorbeeld van ons stewige grondslag is ons vordering om meer inklusief te word deur toegang tot ons instelling te verbreed. Ons inname van bruin, swart en Indiërstudente het vanaf 2008 tot 2015 van 31% tot 38% gestyg. Ons mikpunt vir 2020 is dat 50% van ons eerstejaars uit hierdie groepe sal kom. Bykans 50% van ons meer as 10 000 nagraadse studente is reeds bruin, swart of Indiër.

Ons beskou diversiteit as 'n voorvereiste vir uitnemendheid, want blootstelling aan 'n groter verskeidenheid mense en idees verruim denke en verryk uitsette. Hierdie punt is onlangs bevestig deur Stellenbosch-alumnus dr Japie van Zyl, wat by NASA se Straalaandrywingslaboratorium (JPL) werk. Toe hy in Desember 2015 'n eredoktorsgraad van die US in ontvangs geneem het, het hy vertel hoe fantasties dit is om met 'n span wetenskaplikes en tegnici uit 67 lande saam te werk, want – sê hy – "diversiteit is 'n sterk katalisator wat die beste in almal na vore bring".

In die strewe na groter inklusiwiteit het ons in 2015 'n verdere R70 miljoen beskikbaar gestel om ons personeelkorps te diversifiseer, veral op senior akademiese vlak. Die Universiteit Stellenbosch is besig om al hoe meer nierassig en meertalig te word – 'n nasionale bate wat die Suid-Afrikaanse en wêreldsamelewing in die geheel met trots dien.

---

[1] http://www.sun.ac.za/afrikaans/Lists/news/DispForm.aspx?ID=3173
[2] http://mybroadband.co.za/news/business/137322-graduates-from-these-south-african-universities-earn-the-highest-starting-salaries.html

(3) Derdens dra ons ook tot ’n beter toekoms vir almal by deur ’n positiewe impak op die samelewing te hê. ’n Treffende voorbeeld is die suksesvolle aansoek deur ons Regshulpkliniek in 2015 om die skuldbeslagorders wat mikro-uitleners teen plaaswerkers, skoonmakers en veiligheidswagte bekom het, ter syde gestel te kry. Dit het landwye implikasies vir diegene wat ’n klein inkomste verdien.

Dames en here, u universiteit wil op hierdie sterkpunte (uitnemendheid, inklusiwiteit en sosiale impak) voortbou namate ons die uitdagings van ons sektor met mening aanpak. Die hoër onderwys beleef snelle verandering, en alle universiteite moet vernuwe en by nuwe omstandighede aanpas om te keer dat ons stagneer.

John F Kennedy het gesê: “Verandering is die wet van die lewe. En diegene wat slegs op die verlede of die hede konsentreer, sal stellig die toekoms verbeur.”

Studentefinansies, en dus die finansiële volhoubaarheid van die Universiteit, sal beslis vanjaar steeds ’n kwessie wees. Die hoofgedagte uit die protesaksie verlede jaar is bekostigbare hoër onderwys vir almal. Ons ondersteun hierdie nasionale behoefte – en gratis, gesubsidieerde studie vir akademies verdienstelike studente wat finansieel swaarkry – maar intussen maak alle universiteite steeds op studentegeld staat. Ons verwelkom die toekenning van beduidende bykomende finansiering deur die staat sowel as die aanstelling van ’n presidensiële kommissie van ondersoek, en sien uit na bevredigende resultate.

Ons taalbeleid ontvang heelwat aandag. Party mense is bang dat ons gebruik van Afrikaans diegene kan uitsluit wat verkies om in Engels te studeer; ander vrees weer dat ons gebruik van Engels Afrikaans benadeel. Ek wil u graag verseker dat die Universiteit verbind bly tot meertaligheid sonder enige uitsluiting. Taal behoort nooit vir enige student ’n hindernis te wees nie. Dít is waarom ons tans parallelmediumonderrig (afsonderlike Afrikaanse en Engelse klasse vir dieselfde module) uitbrei.

Deur Engels as onderrigtaal te gebruik, sorg ons dat ons toeganklik is vir meer mense. Tog is daar steeds ’n groot behoefte aan en vraag na Afrikaans; daarom sit ons ons aanbod daarin voort.

Dit is ook belangrik om op taaldemografiese tendense te let. Ons het nou meer as 30 000 studente. Verlede jaar was daar die eerste keer tot nog toe altesaam meer Engelse as Afrikaanse studente op Stellenbosch. Dit is ’n tendens wat beslis sal voortduur.

Nou, wat ons uitdagings betref, huldig verskeie belangegroepe verskillende sienings oor ’n verskeidenheid kwessies – dis ’n feit. Die belangrike is dat ons sal aanhou om met mekaar te praat en na mekaar te luister in die soeke na gemene grond. Dit is die grondbeginsel van die gedagte van die oop gesprek, waarvan wyle prof Johan Degenaar ’n voorstander was. Universiteite is plekke waar idees gebore word, en die soeke na antwoorde gaan noodwendig met meningsverskil gepaard.

Die Grondwet gee aan elkeen die reg op wettige en vreedsame protes. Tog mag daar geen ontwrigting wees nie en behoort almal se regte gerespekteer te word. Ons veroordeel enige gewelddadige optrede en intimidasie. Ons het ’n verantwoordelikheid om ons instelling en al sy mense, eiendom en bedrywighede te beskerm.

Die Universiteit Stellenbosch is ’n nasionale bate wat ’n noodsaaklike diens aan die hele land lewer. Dít is waarom ons daarna streef om ’n inklusiewe, verwelkomende tuiste vir almal te wees. Elkeen is daarop geregtig om met respek en waardigheid hanteer te word – ongeag kleur, oortuiging, geslag of seksuele oriëntasie.

Dít is egter nie altyd ál ons studente en personeellede se belewenis nie. Hoe hartseer dit my ook al maak, moet ek toegee dat sommige lede van ons Universiteitsgemeenskap onaangename ervarings het. Met die *Luister*-video verlede jaar het ek gesê ek sal nie die onverdedigbare verdedig nie: Diskriminasie en marginalisering – hetsy opsetlik of onbewustelik – bly verkeerd.

Die Universiteit tree wel doelgerig teen vergrype op, maar wat aangeroer word, strek veel verder as individuele gevalle. Dit gaan oor strukturele kwessies, ons institusionele kultuur; oor of almal voel hulle hoort hier en dat dit ook húlle plek is.

Dit kan teruggevoer word na die feit dat Maties eens as ʼn "volksuniversiteit" beskou is. Hierdie idee was duidelik te eng. Dit was ʼn uitsluitende inwaartse blik na binne, in plaas van ʼn inklusiewe uitreik na buite.

Ons moet besef dat tye verander. Ons moet inklusief dink en doen. Stellenbosch kan en sal nie ʼn eiland wees nie. Trouens, die suksesse wat ons behaal, hou direk daarmee verband dat ons oopgemaak en deel geword het van die groter konteks – nasionaal en internasionaal.

Ons insluiting by internasionale ranglyste van die voorste universiteite ter wêreld is geen toeval nie. Dit is die produk van jare se volgehoue belegging in navorsingsuitnemendheid en die bou van internasionale netwerke.

Uit eie ondervinding kan ek bevestig dat Stellenbosch nou ʼn veel beter universiteit is as toe ek in 1983 my MB,ChB hier verwerf het. En die redes is voor-die-hand-liggend: groter diversiteit, beter navorsing, meer internasionalisering.

Die Universiteit Stellenbosch het nou byna 150 vennootinstellings in 44 lande op ses vastelande, met ondertekende ooreenkomste op departementele, fakulteits- en institusionele vlak. Meer as 15% van ons studentebevolking is internasionale studente – van 117 lande.

Ons moet volhard op hierdie pad – om plaaslik relevant en internasionaal mededingend te wees. Nou is nie die tyd vir ʼn gekibbel en ʼn vrugtelose getob nie.

Wat ons tot elke prys moet vermy, is die gevaar van polarisasie. Namate verskillende kante mekaar demoniseer, word dit al hoe moeiliker om gemeenskaplike terrein te vind en tot ʼn vergelyk te kom. Ons moet na mekaar uitreik in die soeke na gemeenskaplikheid eerder as om in "ons" en "hulle" te verdeel.

Ons besef ons reis is allesbehalwe voltooi en volmaak, maar ons bly vasberade in ons voorneme om vorentoe te beweeg. Want dít is die enigste manier om ʼn gemeenskap van "sosiale geregtigheid en gelyke geleenthede" vir almal te skep – soos ons Universiteitsmissie baie duidelik lui.

Ja, ons staan tans voor ʼn paar uitdagings, maar daar is ook vele opwindende geleenthede. Ons moet regmaak wat verkeerd is en vier wat reg is. Ek was onlangs in Amerika met die herdenking van Martin Luther King Jr-dag en is weereens getref deur hierdie aanhaling van hom: "Dis altyd die regte tyd om die regte ding te doen."

Vir watter idee staan die Universiteit Stellenbosch vandag? Om inklusiwiteit, innoverend en toekomsgerig te wees. Dít is waarna ons streef. Kom ons beweeg saam vorentoe.

Baie dankie.

-o0o-